

24 Mei

**Skrifgedeelte: Matteus 22:2-14**

**Fokusgedeelte: Matteus 22:2-14**

### **Die fees of die Bruidegom? EK dien god, of: ek dien GOD?**

Die gelykenis van die bruilof is die derde speël. Van die Ou Testament tot Openbaring is 'n bruilof dikwels beeld van die voleindiging van die verhouding tussen die Verlosser-Here en sy gemeente. Die Here fokus op daardie heerlike punt in die toekoms: Wanneer Hy en syne as Bruidegom en bruid hemelse vreugde uitleef. Hierdie speël maak dit duidelik dat party probeer toegang kry op hulle eie uitnodiging, maar sommige (min? – vs. 14) op die egte uitnodiging – dié van die Bruidegom Self. Waarom ag jy jousef as regmatige gas? Kyk in die speël en antwoord eerlik op wat jy sien!

Die egte uitnodiging bestaan sonder twyfel en is algemeen bekend: Eerste is dit aan Israel gerig, ook sy leiers. Israel en sy leiers, in hierdie gelykenis uitgebeeld, was afwysend. Die motivering het gewissel van nalatigheid (vs. 5) tot brutale, minagtende vyandigheid (vs. 6). Die werklikheid van Jesus aan die kruis is die bisarre bewys hiervan. Die Koning is ook Regter: Hy kan nie sondige opstand ongestraf laat nie: sy oordeel oor hulle is vernietigend (vs. 7).

Tweedens word dit toe gerig aan slegtes en goeies (vs. 9) "...soveel as wat julle teenkom ..." Van hulle het baie aangeneem: Armes, verminktes, kreupeles en blindes (Luk. 14:21) ontvang hemelse genesing – dit is per slot van sake 'n beeld van die hemelse heerlikheid! Maar die Fariseërs en dié deur hulle mislei is veroordeel; dít is die speël in hierdie gelykenis.

Tog is dit nie net afwysing wat veroordeel word nie; ook voorbarige toetrede, "kom soos jy is", 'n blatante lastering! Iemand het gekom net soos hy was. Dit beeld belediging teenoor die koning uit: Al die ander het ter wille van die koning die feesklere wat hy uitgedeel het, aangetrek. Hierdie man is in die buitenste duisternis uitgegooi. Kyk in die speël: Het jy die uitnodiging aangeneem omdat jy glo dat jy net soos jy is, kwalifiseer? Sien jy in die speël jousef intree, of die Here wat jou "beklee met die Here Jesus Christus" (Rom. 13:14) terwyl jy eintlik nog in die gemors op straat moes gelê het?

Die kleding is gewoonlik beeld van die "regverdige daad" (Openb. 19:8) van die heiliges. Dit beeld uit dat jy 'n nuwe hart en 'n nuwe gees ontvang het (Eseg. 36:26-27). Dit is jou "vergun" (Openb. 19:8). So 'n lewe sê net een ding: Tot eer van God. Hierdie man was sonder inagneming van die Koning daar vir sy eie plesier. Staan jy alleen in die speël, of sien jy jousef bekleed met die geregtigheid van Christus?

Sing: Skrifberyming 18-6; Psalm 81:1, 11, 12 (Totius); Psalm 81:1, 2, 5, 6 (2001-omdigting)

Ds. J Malan (Burgersdorp)